2019/03/04
08:40 AM

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2019/03/04	DATUM 2019/03/01			+ - WEEK GELEDE 2019/02/25		+ - MAAND GELEDE 2019/02/04		+ - JAAR GELEDE 2018/03/05	
	Data	Δ	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*
Brent ($/b)	64.92	-2.11	-3.1%	67.03	-3.1%	67.00	5.2%	61.71	-1.1%	65.64
US$: ? ZAR	14.16	0.040	0.3%	14.12	1.6%	13.94	6.0%	13.36	19.7%	11.83
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 029.12	15	0.7%	R 2 014.49	*CBOT Mar cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Mar + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 2 362.12	12	0.5%	R 2 350.26	*CBOT Mar cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Mar + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 678.46	8	0.2%	R 4 670.43	* CBOT Mar cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Mar + -12 : 00 the previous day					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Mielies Mar '19	364.00	1.60	0.4%	362.40	-3%	375.20	-4%	378.20	-12%	413.00
Koring Mar '19	454.00	1.00	0.2%	453.00	-7%	486.60	-13%	524.20	-20%	570.00
Sojabone Mar '19	899.20	-1.00	-0.1%	900.20	-1%	910.20	-2%	917.60	-14%	1042.25
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)										
SORGHUM Mar '19	3820.00	0	0.0%	3820.00	0.0%	3820.00	0.0%	3820.00	36.4%	2800.00
WMAZ Mar '19	2876.00	138	5.0%	2738.00	4.5%	2751.00	5.0%	2739.00	53.1%	1878.00
WMAZ Jul '19	2964.00	95	3.3%	2869.00	2.7%	2886.00	3.5%	2865.00	33.7%	2217.00
YMAZ Mar '19	2640.00	65	2.5%	2575.00	1.6%	2599.00	0.4%	2629.00	35.5%	1949.00
YMAZ Jul '19	2707.00	54	2.0%	2653.00	1.9%	2657.00	1.4%	2670.00	21.9%	2220.00
SOY Mar '19	4770.00	77	1.6%	4693.00	-0.1%	4774.00	0.2%	4760.00	-0.4%	4787.00
SOY Mei '19	4880.00	74	1.5%	4806.00	0.2%	4869.00	0.7%	4846.00	-2.4%	5000.00
SUN Mar '19	5355.00	120	2.3%	5235.00	2.2%	5242.00	-3.2%	5530.00	11.3%	4813.00
SUN Mei '19	5484.00	114	2.1%	5370.00	4.4%	5252.00	1.9%	5380.00	14.3%	4800.00
WHEAT Mar '19	4436.00	9	0.2%	4427.00	1.0%	4391.00	-0.4%	4456.00	22.2%	3630.00
WHEAT May '19	4528.00	9	0.2%	4519.00	0.9%	4487.00	0.8%	4493.00	22.3%	3702.00
OLIESADE (US$/ton)	2019/03/01	Bron: Oilworld			2019/02/22		2017/11/13		2016/12/12	
Soya-oil, Arg.	670				-2.2%	685	-13%	769	-1%	676
Soya-pell, Arg.	326				0.0%	326	-4%	339	-11%	368
Soybean, USA	321				-15.3%	379	-22%	410	-22%	410
USA Runner 40/50	1300				0.0%	1300	-19%	1600	0%	1300
Sun-oil, Arg.	660				-0.8%	665	-13%	755	-18%	800
Sun-oil, Black Sea	673				-0.3%	675	-10%	750	-10%	750
Sunseed,Black Sea	367				-0.8%	370	-8%	400	-10%	409
Rapeseed, EU cif	415				-0.5%	417	-2%	425	4%	399
Palmk oil Mal, EU	640				-11.1%	720	-56%	1470	-38%	1037
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE										

Sojabone: Die beskikbare Amerikaanse sojaboonvoorraad vir hierdie tyd van die seisoen is steeds hoog in vergelyking met vorige seisoene. Dit is hoofsaaklik as gevolg van die laer uitvoere na China toe wat hierdie seisoen plaasgevind het. Alhoewel China die afgelope paar weke weer by die VSA sojabone begin aankoop het, maak dit nie genoegsaam op om die verliese van vroeë hierdie seisoen te dek nie. In Suid Amerika was die sojaboon uitvoere gedurende Januarie en Februarie aansienlik meer as die algemene verwagtinge en ook meer as die vorige seisoen se uitvoere. Dit is hoofsaaklik as gevolg van die uitvoere wat vanaf Brasilië plaasgevind het. Die stroop proses van sojabone in Brasilië het vroeër as normaal begin en dus was die beskikbare voorraad vir uitvoere reeds seder Januarie beskikbaar. China was die grootste koper van sojabone wat gedurende Januarie en Februarie vanaf Suid Amerika af uitgevoer was. In Argentinië het die temperature die laaste paar dae van Februarie aansienlik gedaal in sommige gedeeltes wat die produksie potensiaal van sojabone in hierdie gedeeltes negatief kan beïnvloed. Dit is tans nog feitlik onmoontlik om met sekerheid van te stel wat die negatiewe impak van die koue toestande op die sojaboon produksie potensiaal in hierdie gebiede gehad het. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week gemeng verhandel nadat dit aanvanklik onder druk gekom het, maar later die week weer ondersteuning gevind het. Die NOK het verlede week die eerste produksie skatting vir die 2019/20 seisoen bekend gemaak. Volgens hierdie verslag is die oppervlakte wat vir die seisoen aangeplant is 730 500 ha en die produksie vir die seisoen word op 1.276 miljoen ton geskat.

Sonneblomsaad: In Argentinië is daar ’n duidelike toename in die vraag vir uitvoere van sonneblom saad meel en olie. Dit sal veroorsaak dat die verwerking en uitvoere van hierdie produkte hierdie seisoen hoër behoort te wees. In die EU het die verwerking van sonneblomsaad ’n nuwe hoogtepunt van 4.3 miljoen ton bereik in die 2de helfte van 2018 wat ongeveer 8% hoër is as dieselfde tyd van die jaar verlede seisoen. Die grootste toename in die sonneblomsaad verwerking wat in die EU plaasgevind het was in Roemenië, Bulgarye, Nederland en Spanje. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week hoofsaaklik ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. In verlede week is die sonneblomsaad produksie vir die seisoen op 563 590 ton gerapporteer terwyl die oppervlakte aangeplant vir die seisoen op 515 350 ton gerapporteer is.

Kanola: Die verwerking van kanola in Kanada vind teen ’n goeie tempo plaas en dit is jaar op jaar meer as die vorige seisoen se verwerking .Gedurende Januarie was die kanola verwerkings op 830 000 ton gerapporteer wat ’n nuwe hoogtepunt vir die maand was. Dit was ook die 3de agtereenvolgende maandelikse rekord verwerking. Dit kumulatiewe verwerking van kanola tussen Aug 2018 en Jan 2019 word op 4.73 miljoen ton gerapporteer. Dit is 1.9% meer as die vorige seisoen se verwerking teen dieselfde tyd van die seisoen. **Plaaslik:** In verlede week se NOK finale produksie skatting van wintergrane vir die seisoen is die kanola produksie vir die seisoen onveranderd gelaat vanaf die vorige skatting en word dit steeds op 103 950 ton geskat.

Grondbone: In die plaaslike mark is dit ’n baie swak grondboon produksiejaar. Die aanplantings kon nie optimaal plaasvind nie as gevolg van warm en droë toestande wat gedurende die optimale planttyd geheers het. Volgens die NOK se eerste produksie skatting vir die seisoen is daar slegs 20 050 hektaar grondbone aangeplant hierdie seisoen. Die produksie vir die seisoen word op 20 100 ton geskat. Dit is 64.7% laer as verlede seisoen se produksie.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: **luan@grainsa.co.za**

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.